# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## VOORBEREIDENDE EKSAMEN
## 2009

**10730**

**EKONOMIE**

**15 bladsye**

EKONOMIE
ECON

107 3 0A

X05

10

KOPIEREG VOORBEHOU

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**VOORBEREIDENDE EKSAMEN**

# EKONOMIE

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord SES vrae soos volg:
   - AFDELING A: VERPLIGTEND
   - AFDELING B: Beantwoord enige DRIE vrae in die ANTWOORDBOEK.
   - AFDELING C: Beantwoord enige TWEE vrae in die ANTWOORDBOEK.
2. Skryf die vraagnommer bo-aan elke antwoord neer.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Lees die vrae aandagtig deur en begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 2 – 3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
6. Beantwoord die vrae in volsinne.
7. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word nie.
8. Gebruik SLEGS swart of blou ink.
9. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
10. Skryf netjies en leesbaar.

| PUNTE: 300 | TYD: 180 minute |
|---|---|
| **AFDELING A: VERPLIGTEND** | |
| **VRAAG 1: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>KORTVRAE | Leeruitkomste gedek:<br>LU1 – LU4 (AS1 – AS4) |
| **AFDELING B: BEANTWOORD ENIGE DRIE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.** | |
| **VRAAG 2: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>MAKRO-EKONOMIE | Leeruitkomste gedek:<br>LU1 (AS1 – AS4) |
| **VRAAG 3: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>MIKRO-EKONOMIE | Leeruitkomste gedek:<br>LU2 (AS1 – AS3) |
| **VRAAG 4: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>EKONOMIESE STREWES | Leeruitkomste gedek:<br>LU3 (AS1 – AS4) |
| **VRAAG 5: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES | Leeruitkomste gedek:<br>LU4 (AS1 – AS4) |
| **VRAAG 6: 50 PUNTE – 25 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES | Leeruitkomste gedek:<br>LU1 (AS1 – AS4)<br>LU3 (AS1 – AS4) |
| **AFDELING C: BEANTWOORD ENIGE TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING.** | |
| **VRAAG 7: 50 PUNTE – 40 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>MAKRO-EKONOMIE | Leeruitkomste gedek:<br>LU1 (AS4) |
| **VRAAG 8: 50 PUNTE – 40 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>MIKRO-EKONOMIE | Leeruitkomste gedek:<br>LU2 (AS2) |
| **VRAAG 9: 50 PUNTE – 40 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>EKONOMIESE STREWES | Leeruitkomste gedek:<br>LU3 (AS2) |
| **VRAAG 10: 50 PUNTE – 40 MINUTE** | |
| Onderwerp van hierdie vraag:<br>KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES | Leeruitkomste gedek:<br>LU4 (AS2) |

## AFDELING A
**(VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **Meervoudigekeuse-vrae**

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die **korrekte antwoord** en skryf slegs die **letter** (A – C) langs die **vraagnommer** (1.1.1 – 1.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Voorbeeld van 'n lekkasie is ….

A. besparings.
B. uitvoere.
C. beleggings.

1.1.2 Goedere en dienste word in die …. mark verkoop.

A. faktor-
B. geld-
C. produkte-

1.1.3 In makro-ekonomie veroorsaak 'n klein verandering in besteding 'n oneweredige verandering in nasionale inkome, en staan bekend as …

A. 'n inspuiting.
B. 'n lekkasie.
C. die vermenigvuldigereffek.

1.1.4 By die winsmaksimeringspunt waar die totale inkomste en die totale koste gelyk is aan mekaar, verdien die produsent …

A. geen wins nie.
B. ekonomiese wins.
C. normale wins.

1.1.5 Gesondheidsorg, onderwys, radio- en televisie-uitsendings is voorbeelde van …

A. merietegoedere.
B. nie-merietegoedere.
C. gemeenskapsgoedere.

1.1.6 In vergelyking met volmaakte mededinging sal 'n monopolie …

A. minder produseer en 'n laer prys vra.
B. meer produseer en 'n hoër prys vra.
C. minder produseer en 'n hoër prys vra.

1.1.7 Beperkende maatreëls wat gebruik word om die binnelandse mark vir plaaslike vervaardigers te reserveer, staan bekend as …

A. uitvoerbevordering.
B. invoervervanging.
C. belastingkonsessies.

1.1.8 Die nuwe strategie wat die AU aanvaar het om voorsiening te maak vir streeksamewerking en -integrasie, staan bekend as …

A. HOP.
B. Asgi-SA.
C. NEPAD.

1.1.9 Die bemagtiging en transformasie van voorheen benadeelde mense in Suid-Afrika, staan bekend as …

A. regstellende aksie.
B. SEB.
C. vaardigheidsontwikkeling.

1.1.10 Mnr. Tito Mboweni, die president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, maak gebruik van … beleide om inflasie te bekamp.

A. monetêre
B. fiskale
C. aanbodkant-

1.1.11 Reis van een plek na 'n ander binne die grense van 'n land, staan bekend as …

A. binnelandse toerisme.
B. besigheidstoerisme.
C. internasionale toerisme.

1.1.12 'n Aktiwiteit wat aanleiding gee tot onwillekeurige koste of voordele wat aan ander oorgedra word, verwys na ….

A. geleentheidskoste.
B. eksternaliteite.
C. koste-voordeel-ontleding. 12x2=(24)

1.2 **Eenwoorditems**

Gee EEN **term** vir elk van die volgende **beskrywings** deur 'n term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die **term** langs die **vraagnommer** (1.2.1 – 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

| |
|---|
| hiperinflasie; goud; kapitaalmark; nie-uitsluitbaarheid; stagflasie; platinum; nie-mededing; repokoers; wisselkoers. |

1.2.1 Ontstaan wanneer verbruikers en produsente langtermyn-deposito's maak en oor die lang termyn geld leen, bv. 'n verband.

1.2.2 Hierdie kenmerk behels dat een persoon se verbruik op geen manier die verbruik van 'n ander persoon verminder nie.

1.2.3 Die rentekoers wat die Suid-Afrikaanse Reserwebank ander handelsbanke vra.

1.2.4 'n Skerp en aansienlike verandering in die algemene prysvlak, ook bekend as wegholinflasie, bv. Zimbabwe.

1.2.5 Suid-Afrika is afhanklik van hierdie mineraal om die betalingsbalans te balanseer. 5x2=(10)

1.3 **Pasitems**

Kies 'n **beskrywing** uit **KOLOM B** om by 'n **item** in **KOLOM A** te pas. Skryf slegs die **letter** (A – I) langs die **vraagnommer** (1.3.1 – 1.3.8) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Ekonomies bedrywige bevolking | A. Prysverhogings as gevolg van 'n direkte styging in die produksiekoste of -insette soos loonverhogings en 'n styging in oliepryse. |
| 1.3.2 Sanksies | B. Microsoft |
| 1.3.3 Individuele onderneming onder volmaakte mededinging | C. ESKOM |
| 1.3.4 Kunsmatige monopolie | D. 'n Styging in die produktiewe kapasiteit van 'n land. |
| 1.3.5 Ekonomiese groei | E. 'n Verbod op handel met 'n bepaalde land. |
| 1.3.6 Kritieke Infrastruktuurprogram | F. 'n Stelselmatige toename in die aarde se temperatuur as gevolg van onaanvaarbare vlakke van besoedeling vasgevang in die aarde se atmosfeer. |
| 1.3.7 Koste-druk-inflasie | G. Bestaan uit mense in die ouderdomsgroep 15 – 65 jaar wat bereid is om vir 'n kontant-inkomste of vir vergoeding in natura te werk. |
| 1.3.8 Aardverwarming | H. P = GI = MI |
| | I. Die doelwit is om die geografiese verspreiding van ekonomiese aktiwiteite te stimuleer en landelike en agtergeblewe gebiede voorkeur te laat geniet. |

8x2=(16)

**TOTAAL AFDELING A: [50]**

## AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

### VRAAG 2

2.1 Kies die **korrekte woord(e)** uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die **woord(e)** langs die **vraagnommer** (2.1.1 – 2.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Indien die waarde van inspuitings groter as die waarde van lekkasies is, sal inkomste begin (daal/styg).


2.1.2 Die hoeveelheid geld wat huishoudings bestee, is afhanklik van hulle (opleidings/inkomste)-peil.

2.1.3 'n Indeks wat die welsyn van die burgers van 'n land bereken, staan bekend as die (Menslike Ontwikkelingsindeks (MOI) / Menslike Bevorderingsindeks (MBI)).

2.1.4 Eksternaliteite is voordele of koste wat uit die lewering van goedere plaasvind sonder dat dit in die (produksie/prys) weerspieël word. 4x2=(8)

2.2 Noem DRIE instrumente wat in beskermingsbeleide gebruik word om die omvang van vrye handel te beperk. 3x2=(6)

2.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die daaropvolgende vrae.




Bron: *Sunday Times*

2.3.1 Wie is die pasiënt in die hospitaalbed? (2)

2.3.2 Hoe beskryf die mediese kaart die pasiënt se welstand? (2)

2.3.3 Waarom is die pasiënt na jou mening siek? Noem VIER redes. 4x2=(8)

2.3.4 Gee 'n kort beskrywing van die *nuwe ekonomiese paradigma*. (4)

2.3.5 Daar is VIER fases in 'n sakesiklus. Watter fase word in die spotprent voorgestel? Verduidelik. (4)

2.4 Bespreek die redes vir mislukkings in die openbare sektor. 4x4=(16)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die **woord** langs die **vraagnommer** (3.1.1. – 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1.1 Toestande van (volmaakte/onvolmaakte) mededinging bestaan wanneer geen enkele produsent die markprys van 'n produk kan beïnvloed nie.

3.1.2 In die geval van negatiewe eksternaliteite, is die markprys (hoër/laer) as wat dit veronderstel is om te wees.

3.1.3 (Prysdifferensiasie/Prysdiskriminasie) verwys na 'n situasie waarin 'n identiese produk teen verskillende pryse aan verskillende verbruikers verkoop word.


3.1.4 'n (Monopolie/Oligopolie) neem die moontlike reaksie van ander deelnemers in die mark in ag voordat daar op 'n prysverlaging besluit word.

4x2=(8)

3.2 Noem enige DRIE maniere waarop die regering kan ingryp om markmislukkings te herstel en te voorkom. 3x2=(6)

3.3 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**DIE NYWERHEID SE LANGTERMYNEWEWIG**




3.3.1 By watter punt (letter) maksimeer die besigheid sy wins oor die kort termyn teen 'n hoeveelheid van 800? (3)

3.3.2 Bereken die ekonomiese wins oor die kort termyn. Toon alle berekeninge. (4)

3.3.3 Watter prys sal die besigheid vir sy produkte oor die lang termyn vra? (2)

3.3.4 By watter punt (letter) vind winsmaksimering oor die lang termyn plaas? (3)

3.3.5 Verduidelik waarom daar geen aansporing vir 'n besigheid sal wees nie om tot 'n bedryf toe te tree of dit te verlaat as die langtermyn-ewewigsituasie bereik is. (8)

3.4 'n Monopolie is 'n volgehoue mark waar daar net een verskaffer van 'n produk of diens is. Bespreek **enige VIER ander kenmerke** van 'n monopolie. 4x4=(16)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die **woord** langs die **vraagnommer** (4.1.1. – 4.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1.1 Die groeipersentasie van 'n ekonomie word in terme van (nominale/reële) BBP-syfers gemeet.

4.1.2 Die Suid-Afrikaanse regering identifiseer (toerisme/goud) as een van die sleutelsektore van die ekonomie.

4.1.3 Die (VPI/PPI) is die omvattendste aanwyser wat verbruikersinflasie in die land meet.

4.1.4 Die Gini-koëffisïent word bereken met behulp van gegewens wat uit die (Lorenz-/Laffer-) kurwe verkry word. 4x2=(8)

4.2 Noem DRIE gebruike van BBP-per capita-syfers. 3x2=(6)

4.3 Bestudeer die onderstaande tabel deeglik en beantwoord die daaropvolgende vrae.

### VOORUITSKATTING

| **Kwartaal** | **1 van 2009** | **2 van 2009** | **3 van 2009** | **4 van 2009** | **2008 Verwagte** | **2009 Vooruit-skatting** | **2010 Vooruit-skatting** | **2011 Vooruit-skatting** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Groei data** BBP (%j/j) | 1.6 | 0.3 | 0.7 | 1.4 | 3.4 | 1.0 | 3.6 | 4.2 |
| Finale verbruikers-besteding deur huishoudings | -0.7 | -1.1 | -0.5 | 0.6 | 2.5 | -0.4 | 2.8 | 3.4 |
| Lopende rekening-tekort | -7.3 | -7.0 | -7.0 | -6.7 | -7.9 | -7.0 | -6.5 | -7.0 |
| **Inflasie** VPI (%j/j) | 7.7 | 6.2 | 4.9 | 4.9 | 11.5 | 5.9 | 5.7 | 5.5 |
| PPI (%j/j) | 9.0 | 4.6 | 3.5 | 6.1 | 14.3 | 5.8 | 7.1 | 8.2 |

**Bron: Standard Bank**

4.3.1 Wat beteken *persentasie verandering op 'n jaar-tot-jaar (%j/j)-grondslag*? (2)

4.3.2 Wat is die verwagte %j/j vir die BBP vir die tweede kwartaal van 2009? (3)

4.3.3 Die vooruitskatting van BBP vir 2009 is slegs 1,0%, in teenstelling met die verwagte 3,4% vir groei van die BBP 2008. Bespreek TWEE moontlike redes vir die verwagte daling in ekonomiese groei. 2x2=(4)

4.3.4 Vergelyk die voortuitskatting van die BBP en die finale verbruikersbesteding vir 2009. Watter gevolgtrekking(s) kan jy uit jou waarnemings maak? (4)

4.3.5 Bestudeer die lopende rekening en lewer kommentaar op jou waarnemings. (3)

4.3.6 Noem TWEE maniere waarop die saldo op die lopende rekening verbeter kan word. (4)

4.4 Bespreek VIER argumente ten gunste van proteksionisme (beskerming). 4x4=(16)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die **woord** langs die **vraagnommer** (5.1.1. – 5.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1.1 Direkte belasting moet (verhoog/verminder) word om die oormaat vraag in die ekonomie te verminder.

5.1.2 Om vraag te verhoog en die ekonomie te stimuleer, moet rentekoerse (verhoog/verlaag) word.

5.1.3 Om vraag te stimuleer moet die geldvoorraad (verminder/vermeerder) word.

5.1.4 Om inflasie te bekamp moet staatsbesteding (verminder/verhoog) word.

4x2=(8)

5.2 Noem DRIE van Suid-Afrika se nasionale Wêrelderfenis-terreine. 3x2=(6)

5.3 Lees die onderstaande GEVALLESTUDIE en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**WAT IS DIE OPLOSSING VIR AFRIKA SE ENERGIEKRISIS?**

Meer as 80% van Afrika se bevolking is sonder elektrisiteit. Dit beteken dat menslike ontwikkeling daaronder ly, aangesien skole, hospitale, besighede en rekenaarnetwerke almal op elektrisiteit staatmaak.

Meer as 97% van die bevolkingsaanwas sal in ontwikkelende lande plaasvind. Die wiskunde is eenvoudig: meer mense eis meer brandstofhulpbronne. Die energiebehoeftes van stedelike inwoners is groter as dié van plattelandse inwoners.

Volgens Anna Tibaijuka word 75% van energie deur dorpe en stede verbruik, wat belegging in stedelike energieopwekking en –verskaffing vereis. "Geen land het al ooit armoede verlig sonder 'n aansienlike belegging in energie nie. Energie staan sentraal tot alle

menslike ontwikkelingsdoelwitte. Jy kan nie watervoorsiening, onderwys en gesondheidsorg hê sonder energie nie". In Afrika, weens die gebrek aan elektrisiteit, is miljoene mense afhanklik van natuurlike plantegroei in hul aanhoudende gesoek na vuurmaakhout om te kan kook. Woude word vernietig in hierdie proses, wat 'n negatiewe effek het op die omgewing, aangesien ekosisteme uitgewis word.

Afrika-lande word uitgedaag om dapper te wees en hulle eie agenda daar te stel vir 'n raamwerk vir individuele lande om in hulle toekoms te belê, eerder as om op ontwikkelde lande staat te maak om die koers na ontwikkeling aan te dui.

**Aangepas:** ***African Connexion April 2007*** **– Stephanie Nieuwoudt**

5.3.1 Verduidelik die term *energie*. (3)

5.3.2 Volgens die uittreksel, hoe ly die bevolking van Afrika weens die energiekrisis? 2x2=(4)

5.3.3 Hoekom is die energiebehoeftes van stedelike inwoners groter as dié van plattelandse inwoners? (3)

5.3.4 Weens die gebrek aan elektrisiteit in Afrika, moet mense van alternatiewe energiebronne gebruik maak. Noem EEN alternatiewe bron. (2)

5.3.5 Verskaf geskikte voorbeelde van hoe hulpbronne vir toekomstige geslagte bewaar kan word. 3x2=(6)

5.3.6 Lei af wat die doel van ESKOM moet wees. (2)

5.4 Die Rio de Janeiro Aardeberaad was 'n internasionale ooreenkoms wat omgewingsvolhoubaarheid bevorder het. Bespreek enige TWEE ander internasionale ooreenkomste. 4x4=(16)
**[50]**

## VRAAG 6

6.1 Kies die **korrekte woord** uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die **woord** langs die **vraagnommer** (6.1.1. – 6.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

6.1.1 Plaaslike kapasiteit onder (inheemse/endogene) mense is 'n kritieke aspek om die omgewing in stand te hou.

6.1.2 (BBP/BNP) is die totale waarde van alle finale goedere en dienste wat binne die geografiese grense van 'n land oor 'n bepaalde periode geproduseer word.

6.1.3 'n Toename in die prys van 'n geldeenheid in terme van 'n ander geldeenheid staan bekend as (appresiasie/depresiasie).

6.1.4 Betalings ontvang vir goedere-uitvoere kan gesien word as 'n (lekkasie/inspuiting). 4x2=(8)

6.2 Noem enige DRIE leidende (toonaangewende) aanwysers. 3x2=(6)


6.3 Gebruik die inligting in die onderstaande tabel om die volgende vrae te beantwoord.

| | |
|---|---|
| Verbruikersbesteding | R 140 miljoen |
| Marginale verbruikersgeneigheid | 0,7 |
| Investering | R 160 miljoen |
| Regeringsbesteding | R 100 miljoen |
| Invoere | R 30 miljoen |
| Uitvoere | R 20 miljoen |

6.3.1 Bereken die totale inkome (Y) in 'n oop ekonomie deur die **bestedingsmetode** te gebruik. Toon AL jou berekeninge. (7)

6.3.2 Gebruik die syfers in die tabel en bereken die marginale besparingsgeneigdheid (mbg). Toon AL jou berekeninge. (3)

6.3.3 Bestudeer die volgende grafiek en beantwoord die vrae wat volg.




Wat word deur die volgende voorgestel?

a) AB
b) BC
c) CE
d) EF
e) J 5x2=(10)

6.4 Illustreer en verduidelik die Laffer-kurwe. 4x4=(16)
**[50]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [150]**

**b.o.**

## AFDELING C

Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

| |
|---|
| In hierdie afdeling sal 'n maksimum van 5 punte vir die interpretasie van die onderwerp en vir taalgebruik toegeken word. |

### VRAAG 7

Bespreek die **komponente** van die **betalingsbalansrekening**. **[50]**

### VRAAG 8

Die Gautrein-projek van die Gautengse Provinsiale Regering het deur 'n koste voordeel-ontleding (KVO)-proses gegaan. Ons kan aanneem dat die maatskappy wat getender het om die projek te bou en te bedryf, deur al die gewone stadiums gegaan het. Bespreek **koste-voordeel-ontleding** deur dit op die Gautrein-projek van toepassing te maak. **[50]**

### VRAAG 9

Rig 'n memorandum aan die voorsitter van die SAOG waarin jy Suid-Afrika se nuwe streeksontwikkelingsbeleid wat op **Ruimtelike Ontwikkelingsinisiatiewe (ROI's), Nywerheidsontwikkelingsones (NOS's)** en op **finansiële aansporings** fokus. **[50]**

### VRAAG 10

Skryf 'n verslag aan die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOT) oor die **gevolge van toerisme** vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. **[50]**

**TOTAAL AFDELING C: [100]**

**GROOTTOTAAL: 300**

**EINDE**